Hoe onderskei ek die stem en werk van die Heilige Gees

EN

Hoe om die wil van God te ken

Deur: Bennie Mostert

Waarheid vs. Leuens en Misleiding

Riglyne vir Christene om te onderskei tussen die leiding van die Heilige Gees en die misleiding en leuens van Satan.

Wat is waarheid?

Wat is waarheid?, het Pilatus vir Jesus gevra. Mense vra vandag nog dieselfde vraag. Meer en meer Christene vra: *Hoe weet ek wat is die waarheid?* Hoe onderskei ons tussen die stem van God en die misleiding van Satan? Ons leef in 'n tyd van die wêreldgeskiedenis waar reg en verkeerd moeilik onderskeidbaar is en daar groot verdraagsaamheid is. Daarom wil Christene weet: Wat is reg? Wat is die Waarheid? Daar is 'n tweede vraag wat dissipels dikwels vra: Hoe weet ek wat is die wil van God? Meer as enige ander vraag vra ons as dissipels van Jesus waarskynlik hierdie een vraag: *Here, wat is U wil?*

Daar is 'n derde vraag wat meer en meer in hierdie eeu van misleiding en verleiding gevra word: *Wat is reg? Is dit wat hier gebeur van God af?* In hierdie eeu het ons baie geestelike bewegings, oplewings en herlewings wat met groot vraagtekens begroet is, gesien. Die doel van hierdie pamflet is om ’n aantal riglyne en beginsels deur te gee wat hopelik sal help om beter te onderskei en wat as rigtingwysers kan dien vir moeilike situasies.

Die karakter van God se koninkryk versus die karakter van die koninkryk van die Bose

Om te onderskei tussen reg en verkeerd, waarheid en leuen en of iets die wil van God is of nie, is dit belangrik dat ons sal verstaan wat die karakter van God se koninkryk is. As ons dit verstaan, sal ons makliker weet wanneer iets nie uit God gebore is nie en ons niks daarmee te doen moet hê nie. Wanneer jy in ’n situasie is en jy twyfel of God of die duiwel hier aan die werk is, meet dit aan die geestelike karakter van die saak.

Liefde vs. haat: Die koninkryk van God is 'n koninkryk van liefde. Alles wat kan tuishoort binne die raamwerk van genade, liefde en barmhartigheid, kan tuishoort in die koninkryk van God. Daar is liefde vir die naaste, liefde vir ons vyande, liefde vir God en liefde vir die waarheid. Waar die Bose werksaam is, is daar haat, onverskilligheid, minagting en veragting van God, my naaste en my vyande. Waar daar nie liefde is nie, is God nie werksaam nie.

Gehoorsaamheid vs. ongehoorsaamheid: In die koninkryk van God is daar gehoorsaamheid, beide mense en engele is aan God gehoorsaam. Selfs die Seun en die Heilige Gees is binne die Drie-Eenheid aan die Vader gehoorsaam. Waar die Bose werksaam is, is daar ongehoorsaamheid, rebellie, wetteloosheid en eiesinnigheid. Waar God aan die werk is, onderwerp mense hulle aan mekaar, is daar orde, gesag en onderworpenheid *(submission)*: kinders onderwerp hulleself aan hulle ouers, werknemers onderwerp hulle aan hulle werkgewers, lidmate aan die gesag van die kerk, vrouens aan hulle mans en lidmate onderwerp hulle aan God.

Heiligheid vs. onheiligheid: Waar God deur die Heilige Gees werksaam is, is alles rein, heilig, skoon, oop, in die lig, niks is verborge nie, alles is deursigtig. Satan

floreer op onreinheid, sedeloosheid, immoraliteit, perversiteit, sonde, onheiligheid, vuilheid en slordigheid - alles is in die skemer of donker, daar is 'n skyn van eerlikheid, baie dinge is verborge.

Gee vs. vat: Jesus was onselfsugtig, Hy het Homself gegee sonder om betaling te verwag. Hy het kom leer wat onbaatsugtigheid, vrygewigheid en selfopoffering, genade en barmhartigheid is. Jesus het gekom om te gee, sy lewe te gee, gawes vir ons te gee, die Heilige Gees aan ons te gee, die ewige lewe aan ons te gee. Waar Satan in mense se harte werk, is daar selfsug, eersug, wil hulle alles hê en vat wat hulle in die hande kan kry, vergryp hulle hulle aan dinge, is hulle suinig en gierig, doen hulle moeilik afstand van wat aan hulle behoort en maak hulle veral dit wat mot en roes kan verniel, bymekaar.

Waarheid vs. leuen: Die koninkryk van God is 'n koninkryk van Waarheid. Jesus is die waarheid en wat van God af kom, is waarheid. Die duiwel is die vader van die leuen en wanneer leuens ter sprake is, is God nie betrokke nie. Satan werk met onreg, ongeregtigheid en bedrog. God het geen gemeenskap met bedrog nie. Waar bedrog, leuens en onreg ter sprake is, moet dissipels van Christus nie saamwerk nie.

Hoop en geloof vs. wanhoop en twyfel: Die koninkryk van God is 'n koninkryk van hoop. Hoop deurspek elke aspek van 'n Christen se lewe. Waar God teenwoordig is, is daar hoop op en vir die lewe. Alles wat hy sê of doen is uit hoop gebore. Maar die koninkryk van die Bose is 'n koninkryk van wanhoop, duisternis, ongeloof en twyfel. Waar wanhoop, duisternis, ongeloof en twyfel is, is God nie werksaam nie.

Nederigheid en gebrokenheid vs. hoogmoed en trots: Jesus sê vir ons: "Leer van my nederigheid en sagmoedigheid". Wanneer die Gees van God in die dissipels

van Jesus werk, word hulle gekenmerk deur nederigheid, sagmoedigheid, gebrokenheid, 'n gewilligheid om afstand te doen van hulleself, 'n dienskneg gestalte, ander toe te laat om eerste te wees, soek hulle nie erkenning nie en is hulle gewillig om die self te kruisig en die minste te wees. Waar Satan toegang tot mense se harte kry, is daar selfverheffing, soeke na eie eer en erkenning, hoogmoed, trots, snobisme, ongebrokenheid, aanstellerigheid, verwaandheid en grootpratery.

Vrede vs. onvrede: Wanneer God werk, is daar vrede, vergenoegdheid, rustigheid en stabiliteit. Wanneer Satan iets tot stand bring, word dit gekenmerk deur onstabiliteit, oorlog, stryery, woede, gevegte, rugstekery, vyandskap, afguns, onrus en ontevredenheid.

Eenheid vs. onvrede: God se koninkryk staan in die teken van eenheid, samehorigheid, instemming en eenstemmigheid. Die koninkryk van die Bose staan in die teken van verdeeldheid, onmin, dwarstrekkery, partyskappe en skeuring.

Sagmoedigheid vs. hardheid: Waar die Gees van God werk, is daar sagmoedigheid, sagtheid, meegevoel, simpatie, medelye, genade en barmhartigheid. Maar wanneer bose geeste in mense werk, word hulle hard, ongevoelig, koud, ongenaakbaar, brutaal, genadeloos en veroordelend.

Lankmoedigheid vs. haastigheid: In die koninkryk van God is daar lankmoedigheid, geduld, rustigheid, selfbeheersing. Wanneer Satan werk, dryf hy ons om haastig en oorhaastig te wees, maak hy ons ongeduldig, bewerk hy waansin, desperaatheid en histerie in ons lewens.

Sekerheid vs. onsekerheid: In die koninkryk van God is daar sekerheid van saligheid, vastigheid en balans. In die ryk van die Bose is daar onsekerheid,

ongebalanseerdheid, twyfel en doelloosheid. Wat veral kenmerkend van Satan se invloed is, is vrees - daar waar Satan werk, is mense vol vrees, ongeloof en onsekerheid.

Waar die Gees werk, is die vrug van die Heilige Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid (geloof), nederigheid en selfbeheersing **(Gal. 5:22).**

Stem van die Heilige Gees vs. die stem van Satan

Onder hierdie opskrif is daar 'n aantal riglyne wat jou sal help om te onderskei tussen die stem van die Heilige Gees en die stem van Satan.

Pas hierdie beginsels op praktiese lewensituasies toe.

- Wanneer die Heilige Gees werk, is dit 'n *sagte, innerlike stem* in die gees van die Christen en is daar *geen dwang om haastig te wees nie*. Die Gees praat met ons deur ons gewete en deur die Woord. Die Gees van God stel nooit onredelike eise van gehoorsaamheid nie. Gehoorsaamheid aan die stem van die Heilige Gees bring geestelike vrug. Wanneer Satan praat, is dit 'n *harde stem, van buite myself* en hy sal my altyd wil dwing om *onmiddellik op te tree*. Wanneer die Satan praat, gaan dit gepaard met vrees (vrees vir "God") en wil dit ons aan 'n bonatuurlike krag verslaaf. Gehoorsaamheid aan die stem van die Satan lewer geen geestelike vrug op nie en lei eerder tot verwarring en doodsheid.
- Wanneer die Heilige Gees werk, soek Hy ons aktiewe samewerking en skakel Hy nooit die verstand, rede en ons wil uit nie. Met ons wil moet ons 'n keuse maak om met die Heilige Gees saam te werk. Die Bose wil ons

misbruik, ons wil en verstand uitskakel en passiewe instemming eis om deur hom "gebruik" te word.

- Die Heilige Gees *oortuig* van sonde. Die duiwel *beskuldig* (accuses and condemns) ons van sonde. Die Heilige Gees wys ons altyd die pad na verlossing en bevryding van sonde, Hy wys ons altyd op die kruis. Satan bring wanhoop, bring dikwels oordrewe sondebewustheid, verskans die kruis en probeer om ons so sleg te laat voel oor ons sonde dat ons alle moed en hoop verloor. Hy lei ons in ’n doodloopstraat in. Oordrewe sondebewustheid lei tot moedeloosheid waar ons glo dat God ons nie meer liefhet nie.

- Wanneer die Heilige Gees van sonde oortuig, is Hy baie spesifiek en duidelik. Wanneer Satan oor sonde praat, is hy gewoonlik vaag - daar is 'n vae gevoel van sondigheid en baie skuldgevoelens. Om hierdie vae gevoelens te bely, bring nooit bevryding nie. Wanneer ons spesifieke sondes direk bely, is daar altyd vergifnis en bevryding.

- Die Heilige Gees se leiding is altyd in ooreenstemming met die Woord, die karakter van God en bring hoop en lewe. Wanneer die Bose praat, sê hy dat jy nie die Skrif of 'n Skrifbeginsel nodig het nie, dóén dit net.

- Die gees van God is nooit haastig nie, Satan wil ons altyd oorhaastig in dinge indruk. Die Gees van God gee ons tyd om te dink, te besin, seker te maak. Die duiwel wil hê ons moet haastig en impulsief optree, want dan maak ons maklik foute.

- Die Heilige Gees lei, die Satan forseer. Die Heilige Gees inspireer, die Satan intimideer. Die Heilige Gees motiveer, maar die Bose domineer. Die

duiwel laat my nie toe om oor iets te dink, dit te beredeneer, seker te maak of dit reg is nie, of om dit by ander te toets nie.

- Die Heilige Gees soek ons samewerking. Hy nooi ons uit om medewerkers te wees. Die Satan dwing, forseer en manipuleer. Die duiwel soek nie ons samewerking nie, hy dwing en misbruik ons.

- Die Heilige Gees wil aan ons ons waarde voor God toon, dat God met my in 'n verhouding wil staan en met my gemeenskap *(fellowship)* wil hê. Wanneer Satan met my praat, wil hy my wysmaak dat ek waardeloos is, dat ek so sleg is dat God niks met my te doen wil hê nie en nie vir my omgee nie. Die duiwel wil my wysmaak dat ek "useless" is, dat ek nie eers hoef te probeer om my te bekeer of heilig te leef of getuig nie. Hy probeer my oortuig dat dit net nie sal werk nie.

- Die Heilige Gees wil aan die mens toon dat daar vergifnis vir sonde is, ongeag hoe groot daardie sonde is. Die Satan oortuig mense dat hulle sonde te groot is en dat hulle nie gered kan word of van hul sonde bevry kan word nie.

- Die Gees van God wil ons laat verstaan dat Hy ons volkome genees en heelmaak, ongeag hoe groot die pyn, hoe verskriklik die sonde, hoe veragtelik die dade uit ons verlede. Judas het Christus verraai en Petrus het Christus verloën. Petrus is herstel omdat hy berou gehad het en vergifnis gesoek het. Judas het sy lewe geneem omdat daar geen berou in sy hart was nie. God word nie oorweldig met ons mislukkings en sonde nie – ons mislukkings en sonde gee God 'n geleentheid om sy liefde en genade aan ons te bewys. God het vir ons swakhede en sonde voorsiening gemaak deur Jesus se kruisdood. Die duiwel wil mense oortuig dat God dit

nie kan doen nie, ja miskien gedeeltelik, maar dat ons vir die res van ons lewe so hinkepink sal moet voortgaan - dat ons nooit genees, volkome vergewe en bevry kan word nie.

Persoon van die Heilige Gees, sy karakter en werkswyse

Dit is uiters belangrik om te verstaan dat die Heilige Gees 'n Persoon is, dat Hy 'n bepaalde karakter het en Hy volgens sekere beginsels werk.

1. Die Heilige Gees is die Derde Persoon in die Drie-Eenheid van God. Hy kan en mag nie deur mense rondbeveel word nie. Hy is God en niemand, geen mens, gee bevele aan God nie.

2. Elke gees wat van homself getuig is nie die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees getuig nie van Homself nie, maar van Christus: "Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het " **(Joh. 14:26).** "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig" **(Joh. 16:13-14).** Een van die redes waarom die Walliese herlewing en talle ander herlewings gestop het, was omdat daar 'n te groot klem op die werk van die Heilige Gees was, en nie op Jesus nie. Die Heilige Gees dien die Vader en die Seun en fokus nie aandag op Homself nie, Hy getuig nie van Homself nie en leer mense nie oor Homself nie, maar van Jesus.

3. Die Heilige Gees is **heilig**. Dit is sy karakter. Hy is die Gees van **Heiligheid** (Rom. 1:4), die Gees van **Wysheid** (Jes.11:2), die Gees van **Waarheid**

(Joh. 14:17), die Gees van die **Vrees van die Here** (Jes. 11:2), Die Gees wat **Oordeel en Verteer** (Jes.4:4), die Gees van **Selfbeheersing** (2 Tim. 1:7). Aksies of optrede van mense of handelinge wat die volgende tipe optrede bevat, kan nie aan die Heilige Gees toegeskryf word nie:

selfverhoging of selfverheffing
om vulgêr te wees
onsensitiwiteit teenoor ander
dom of dwase optrede
degraderende/afbrekende optrede
wrede/brutale optrede
arrogante optrede
kinderagtige optrede

4. Geen dierlike optrede kan aan die Heilige Gees toegedig word nie. Die Heilige Gees laat mense nie op die grond rondseil en sis soos slange, kraai soos hane, blaf soos honde, brul soos leeus en huil soos wolwe en jakkalse nie, winde opbreek en vomeer nie.

Opsommend: Die satan *manipuleer*, die Heilige Gees **motiveer**. Satan *intimideer*, die Heilige Gees **inspireer**. Satan *domineer*, die Heilige Gees **lei** ("directs"). Satan *misbruik* ons, die Heilige Gees soek ons **samewerking**. Die stem van die Satan is 'n *harde, dwingende stem*, die stem van die Heilige Gees is 'n **sagte innerlike stem**. Satan *dwing en forseer*, die Heilige Gees **oortuig**, **moedig ons aan en nooi uit**. Wanneer die Satan praat, is daar altyd 'n element van *haastigheid*, die Heilige Gees is **nooit haastig nie**, daar is genoeg tyd om te oorweeg en te besluit. Satan *beskuldig* ("accuses", "condemn"), die Heilige Gees **oortuig** ("convict"). Wanneer die Satan met ons

praat, *veroordeel* hy ons, daar is *geen vergifnis* nie. Daar is gewoonlik *geen uitweg* uit die situasie behalwe om nog sonde te doen en *verder verstrik te raak* nie en daar is *geen hoop* nie. Wanneer die Heilige Gees met ons praat, is daar altyd 'n **uitweg, vergifnis van sonde en bevryding en hoop vir die toekoms.**

Voorsorgmaatreëls teen misleiding

Almal van ons kan mislei word. Daar kom nooit 'n tyd dat ons geestelik so volwasse is dat ons nie mislei kan word nie. Ongeag jou geestelike posisie, hoe ver jy geestelik gegroei het, hoe groot die werk is wat jy vir God gedoen het, ongeag die aantal gawes van die Gees wat God aan jou toevertrou het, ongeag hoe heilig jy leef en ongeag die denominasie waaraan jy behoort, *kan jy mislei word*. Daar het nog nooit 'n mens geleef wat nie op een of ander stadium mislei was nie. Dit is ook belangrik om te weet dat nie alle tekens en wonders, alles wat bonatuurlik is, van God af is nie. Satan kan ook bonatuurlike dinge doen. Satan kan ook genees, wonders doen, tekens gee, drome en visioene vir mense gee, vuur uit die hemel laat kom, mense in (demoniese) tale laat praat en geestelike manifestasies voortbring. Bloot net die wete dat dit moontlik is, sal ons help om te begin om te onderskei en seker te kan maak of iets van God kom al dan nie. In Jer. 17:9 lees ons: "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?" Die Ou Afrikaanse vertaling lees: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" Die woord bedrieglik in die Hebreeus is in die aktiewe vorm en nie 'n passiewe woord nie. Dit beteken letterlik dat ons harte aktief besig is om ons te bedrieg.

Geen openbaring mag die Skrif weerspreek nie: Geen openbaring, geen leiding of raad wat jy ontvang, mag ooit enige Skrifbeginsel of enige belofte of bevel in die Skrif weerspreek nie. Dit is 'n ononderhandelbare reël. Natuurlik kan ons leiding ontvang oor sake wat nie in die Skrif is nie, byvoorbeeld om ’n rekenaar te koop. Die Bybel sê niks oor rekenaars nie, maar daar is Skrifbeginsels oor koop en verkoop, die hanteer van geld en die wil van God. As ons dit in gedagte hou, sal dit outomaties 'n voorsorgmaatreël teen misleiding wees. Die Skrif moet met die Skrif uitgelê word. Toe Satan Jesus in Lukas 4 versoek het, het hy twee keer gesê "Daar staan geskrywe ..." Jesus het telkens geantwoord: "Daar staan ***ook*** geskrywe ..." Die waarheid lê nie in "daar staan geskrywe" nie, maar in "daar staan ook geskrywe." Dit beteken doodgewoon dat die Skrif met die Skrif verklaar moet word. Ons moenie Skrifgedeeltes uit konteks aanhaal om ons belange en begeertes te pas nie.

Die Persoon van die Heilige Gees: Ons het die inwonende Persoon van die Heilige Gees nodig om ons in elke situasie te help. "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges" (Rom. 8:26-27). Die Gees van God woon in ons, Hy leer ons bid en pleit vir ons by God. Die Heilige Gees is die Gees van Waarheid (Joh. 14:16-17) en Hy lei ons in die waarheid. Hy herinner ons aan die woorde van Jesus, Hy help ons om te onderskei, Hy leer ons die wil van God. Sonder die Persoon van die Gees van Waarheid wat in ons woon, sal ons nie die waarheid kan onderskei nie. Die Heilige Gees is die Sewevoudige Gees van God: "Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees

wat kennis verleen en eerbied vir die Here (Jes.11:1-2; Openbaring 4:5 en 5:6). God begeer dat elke dissipel gevul moet wees met die sewevoudige Gees van God, in geloof op Hom vertrou en sy werking en funksie verstaan.

Wag op die Here: Daar word vandag baie gemaak van geestelike oorlogvoering, maar ons moet verstaan dat 95% van geestelike oorlogvoering bestaan uit "wag op die Here". Ons bid en kry nie antwoorde nie - nie altyd dadelik nie. Ons is haastig en leef in 'n supersoniese eeu wat kits antwoorde eis. God word egter nie deur tyd geïntimideer nie. Ons moet waak en bid. Ons moenie haastig wees nie. Die wat glo, sal nie haastig wees nie, sê die Woord. As jy twyfel, wag. As ons bereid is om te wag, sal God op die regte tyd aan ons die waarheid openbaar en sal ons nie mislei word nie.

Neem in elke situasie 'n posisie van neutraliteit: Om te kan onderskei tussen reg en verkeerd, tussen wat die wil van God is, en wat nie, moet ons telkens op neutrale grond kom staan. Ons moet begin deur ons eie emosies, wil en redenasies prys te gee en eers op neutrale grond te staan. Dikwels is dit die moeilikste ding om te doen. Voordat ons egter nie eers op neutrale grond kom staan, sterf aan ons begeertes, belange, wil en voorkeure nie, sal ons dit baie moeilik vind om die wil van God en die waarheid te onderskei.

Wandel met die lig wat jy het: As dissipels moet ons leer om te leef met die lig wat ons het. Te dikwels wil ons weet wat môre, volgende week of oor ’n jaar van nou af sal gebeur. God gee genoeg lig vir die volgende tree, en met goeie rede. Niemand van ons is in staat om die druk, sukses, aanvegtinge en stryd wat op ons wag, te kan hanteer nie. Daarom gee God vir ons ons instruksies tree vir tree - een tree op 'n slag, dag vir dag.

Goeie raadgewers is onontbeerlik: Moenie in isolasie leef nie. Elke dissipel moet sorg dat hy/sy een of meer gelowiges as vriende het teenoor wie hy/sy aanspreeklik en verantwoordelik is. Een persoon kan maklik 'n fout maak, maar die raad, saambid en ondersteuning van medegelowiges is onontbeerlik: "redding lê in baie raadgewers" (Spr.11:14); "planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand" (Spr. 15:22); "jy maak oorlog na beraadslaging, en die oorwinning kom deur baie raadgewers" (Spr.24:6).

Toets alles: Enige groep of gees wat jou wysmaak dat jy die Gees van God sal bedroef as jy wil toets of wat besig is om te gebeur uit die Gees gebore is, is nie in lyn met die Skrif nie. Die Woord leer baie duidelik dat ons alle profesieë en elke gees moet toets: "Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie ..." (1 Joh.4:1) en "Moenie profetiese uitsprake van die wat die boodskap van God verkondig, geringskat nie, maar toets dit alles, behou wat goed is" (1 Tess.5:20-21).

Moenie die duiwel vrees nie: Daar word vertel dat John Wesley een aand terwyl hy geslaap het, iemand by sy voete voel vroetel het. Hy het 'n kers aangesteek, oorgebuig na die voetenend en gesien dat dit die duiwel is. Sonder om die minste ontsteld te wees, het hy net gesê: "O, is dit jy Satan?", die kers doodgeblaas, omgedraai en verder geslaap. Wesley het verstaan dat die Satan 'n verslane vyand is en dat ons in God verborge met Jesus Christus is (Kol.3:1-3).

Hou die kruis sentraal: Dit is tog merkwaardig dat misleiding makliker ingang vind waar die kruis van Christus nie sentraal staan nie, as in gemeenskappe waar die boodskap van die kruis duidelik verkondig en geleef word. Die kruis

handel radikaal met hoogmoed, self en sonde. Die kruis het as vrug nederigheid, gebrokenheid, 'n sterf aan die self, 'n liefde vir God en die waarheid en bring die (regte) vrees van die Here in mense se lewens voort. In hierdie tipe geestelike klimaat is daar bitter min ruimte vir die Bose om te werk en word die kanse vir misleiding skraler.

12 Riglyne om die wil van God in 'n bepaalde situasie te ken:

1. Is dit nuttig en heilsaam vir my geestelike of tydelike lewe (1 Kor.6:12)?
2. Is ek daaraan verslaaf of sal dit tot verslaafdheid lei (1 Kor.6:14)?
3. Beskadig jy jou liggaam daardeur (1 Kor.6:14)?
4. Het jy positiewe vrede oor die saak - kan ek getuig dat ek onder leiding van die Heilige Gees besluit het om hierdie spesifieke ding te doen (Kol.3:15)?
5. Is dit verantwoordelike gebruik van jou geld?
6. Is dit tot verheerliking van God (1 Kor. 10:31)?
7. Twyfel jy nog of is jy seker dat jy dit moet doen (Rom. 14:23)?
8. Is dit wyse tydsgebruik (Ef.5:15-16)?
9. Hoe sal jy op jou sterfbed daaroor voel (Heb.9:27)?
10. Sal jy met vrymoedigheid voor die Groot Wit Troon rekenskap kan gee daaroor (Op.20:11)?
11. Wat sou Jesus in hierdie situasie gedoen het (1 Joh.2:6)?
12. Het jy die saak getoets by een of twee ander mense wat geestelik volwasse is en jou situasie ken (Spr.24:6)?

Hoe ken ek die wil van God

Een van die basiese probleme wanneer mense na die wil van God oor 'n saak begin soek, is die bewuste - en dikwels onbewuste twyfel - of God se wil wel die beste vir ons is. Satan probeer God dikwels as 'n pretbederwer voorstel. Afgesien daarvan, gebeur daar baie dinge wat vir ons menslike verstand moeilik is om te begryp. Dit lei daartoe dat ons nie altyd weet of ons God werklik met ons geld, toekoms, lewe ens. kan vertrou nie.

Meer as enigiets anders moet ons weet dat God se weg en wil die beste vir ons is. Dit is iets waaraan ons onwrikbaar moet en mag vashou. God bedoel dit goed met ons en dit sal nooit verander nie. God is onveranderlik en kan nie in 'n oomblik van wispelturigheid skielik onredelik of boos optree nie.

Om die wil van ons Hemelse Vader te wete te kom, kan jy die volgende aantal riglyne in jou eie lewe toepas:

1. **Die redding van mense.** Dit is die wil van die Here dat mense gered sal word. Baie keer soek ongeredde mense die wil van God oor verskeie sake en vind geen antwoord nie. Die **redding** van 'n individu is vir God belangriker as enige ander saak. Ons moet dus eers ons saak met God regmaak, voordat ons enigiets anders van die Here vra **(2 Pet.3:9)**. In die heel eerste plek is jou redding God se wil. *"Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."*
2. **Jou heiligmaking is die wil van God.** In **1 Tessalonisense 4:3** staan daar: *"Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe."* Enigiets wat jou verhinder om

heilig te lewe of wat jou toewyding aan God verhinder, is nie die wil van die Here nie. Enige besluit wat jy moet neem wat tot gevolg sal hê dat dit 'n heilige wandel sal benadeel, is buite die wil van die Here.

3. **Bely en breek met alle bewuste onbelyde sondes** en soek na God se wil met 'n rein hart. God haat sonde en wil hê dat jy jouself daarvan sal reinig. Hy het voorsiening gemaak daarvoor dat jy van jou sonde gereinig kan word.

4. **Woord van God.** Die Heilige Gees sal jou nooit in stryd met die waarhede van God se Woord lei nie. Waak daarteen om sekere verse uit te sonder en as leiding te gebruik, tensy dit op ander maniere bevestig word.

5. **'n Bereidwilligheid om jou aan God se leiding te onderwerp** is ’n basiese voorvereiste. Dit het geen nut om vir die Here te vra wat sy wil is as jy nie bereid is om sy wil te doen nie. Is dit werklik jou hartsbegeerte om die wil van die Here te doen (Matt.6:33; Joh.4:34)? Kies dan met jou wil om God se wil te doen. Bid en sê vir die Here: *"Vader ek kies met my wil om u wil te doen."*

   "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" **(Matt.6:33).**

   Maar Jesus het vir hulle gesê: *"My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi"* **(Joh.4:35).**

6. Wanneer jy na die leiding van die Here soek, is dit belangrik om **op neutrale grond te staan**. Dit beteken dat jy by die punt moet kom waar jy vir die Here kan sê dat jy bereid sal wees om te doen wat ook al sy wil mag wees. Jy moet jou eie voor- en afkeure ten opsigte van die saak prysgee en sover as wat dit menslik moontlik is, neutraal oor die saak wees.

7. **Leef in noue gemeenskap met God**. Wanneer jy naby die Here leef, is dit oor die algemeen makliker om te weet wat die Here se wil is. Wees toegewyd **(Rom.12:1-2).** *"Gee julle self aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe."*

8. **Wag op God.** Dit beteken om die saak voortdurend aan God in gebed op te dra. **Jesaja 28:16 (0V)** sê: *"Hy wat glo sal nie haastig wees nie."* God het sy bepaalde tyd. Moenie vinniger as God probeer beweeg nie. God weet presies wanneer om die antwoord vir jou duidelik te maak, vertrou Hom daarmee. In die tyd dat jy op die Here wag, moet jy ook jou hart ondersoek om te bepaal of dit nog vir jou oor God self gaan en of dit net dinge is wat jy van God wil hê. God laat ons wag om die gesindheid van ons hart te toets en heel dikwels ook om ons geestelik voor te berei vir sy antwoord. Om op die Here te wag beteken nie om niks te doen nie. Dit beteken dat jy steeds aktief moet wees: oorweeg, beredeneer, ondersoek, luister, evalueer en bestudeer die Skrif, want dit is alles deel van wag op die Here.

9. **Algehele vertroue. Spreuke 3:5-6** sê: *"Vertrou volkome op die Here."* **Jakobus 1:6-8** sê die volgende van iemand wat bid en in sy hart twyfel: *"So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie."* Bid tot die Here met die vertroue dat Hy presies weet wat jy nodig het en dat Hy, op die regte tyd, sy wil aan jou sal openbaar.

10. **Handel telkens met die lig wat jy tot op daardie stadium het.** Dit is 'n baie praktiese wenk. Dikwels wil ons eers in die fynste besonderhede weet wat

die wil van die Here is voordat ons optree. Meestal is daar baie dinge wat ons reeds kan doen sonder om presies te weet wat die Here se einddoel is.

11. **Neem die juk van Christus op. Matteus 11:28-30:** *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van my, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."* Om sy juk op te neem, beteken om

    a. te leer uit noue kontak met Hom;

    b. in die regte rigting gestuur te word deur Hom,

    c. teen die regte pas te beweeg saam met Hom.

12. **Oorweeg die omstandighede.** Vertolk gebeure op 'n geestelike wyse. Onthou dat Satan probeer om ons te verhinder om God se wil te doen deur hindernisse in ons weg te plaas **(1 Tess.2:18).** God kan ook omstandighede gebruik om jou te lei. Moet egter nie net na omstandighede kyk vir leiding nie. *"Daarom wou ons weer na julle toe kom; ek, Paulus, het keer op keer probeer kom, maar die Satan het ons verhinder."*

13. **Die wysheid van raadgewers.** Deel die aangeleentheid met ouer mense wat geestelik ingestel is en in wie se opinie jy vertroue het. Jy kry dikwels bevestiging en leiding deur hulle reaksie of raad. *"In die dwaas se oë is sy eie pad die regte, - wie wysheid het, luister na raad"* **(Spr.12:15).**
    "Sonder oorwoë leiding val 'n volk, - die redding lê in baie raadgewers" **(Spr.11:14).** *"Jy maak oorlog na beraadslaging, en die oorwinning kom deur baie raadgewers"* **(Spr.24:6).**

14. **Maniere waarop ander gelei is.** Bestudeer in die Skrif, kerkgeskiedenis en sendingbiografieë die wyses waarop God sy diensknegte gelei het. Kyk byvoorbeeld na Handelinge 10.

15. **Sit 'n velletjie uit.** Wanneer dit moeilik is om te onderskei tussen persoonlike gevoelens en die bevestiging van die Heilige Gees, vra God om iets objektief buite jouself te doen as 'n aanduiding van sy wil. Sien **Rigters 6:37-39** i.v.m. Gideon se velletjie. Pas egter op dat tekens nie vir jou begin voorskryf nie. In die reël gebruik die Here hierdie manier van leiding net by uitsondering. Die Heilige Gees moet jou duidelik lei om so 'n teken van die Here te vra, anders kan dit gebeur dat jy die Here wil *"dwing"* om jou te antwoord. Onthou ook dat Gideon se velletjie nie soos 'n dobbelsteentjie gewerk het nie. Met ander woorde, Gideon het dit gebruik as 'n bevestiging van dit wat die Here reeds op 'n ander manier aan hom duidelik gemaak het.

16. **Stel 'n balansstaat op.** Dit help om die voor- en nadele van 'n besluit neer te skryf en teen mekaar op te weeg. Wanneer jy eerlik die voor- en nadele op papier gaan neerskryf, is die antwoord soms voor-die-hand-liggend.

17. **Deel met 'n gebedsgenoot of -groep.** Dis 'n goeie idee om veral wanneer die besluit langtermyn gevolge gaan hê, dit te deel met iemand wat in die geloof saam met jou voor God sal staan totdat God se wil duidelik word.

18. **Wees gehoorsaam aan geestelike beginsels.** In sommige situasies is spesifieke leiding nie nodig nie, omdat die saak volgens geestelike beginsels hanteer kan word, bv. *"Wees gehoorsaam en onderdanig aan julle voorgangers"* **(Heb.13:17).** *"'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie"* **(2 Tim.2:4).** *"Jy mag nie egbreuk pleeg nie"* **(Matt.5:27-28).** Oor baie dinge is die

Skrif duidelik en hoef ons nie te gaan soek wat die wil van die Here is nie - dit staan reeds duidelik daar.

19. **Let op die toerusting van die Gees.** Die gawes van die Heilige Gees wat deur jou werk, kan ook 'n aanduiding gee van die werk wat God wil hê jy moet doen.

"As dit die gawe is om God se boodskap te verkondig... om te dien ... om onderrig te gee ... om mense te bemoedig... leiding (te) gee... ander (te) help..." **(Rom.12:6-10).**

"Aan die een word, deur die Gees, die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; aan die een geloof.. aan 'n ander genadegawes van gesondmaking... aan die ander een krag om wonders te doen... die gawe om tussen geeste te onderskei... die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik. en aan 'n ander om dit uit te lê" **(1 Kor.12:7-11).**

20. **Leiding van die Heilige Gees.** Die Heilige Gees bevestig aan jou wat God wil hê jy moet doen, deur middel van 'n innerlike versekering. *"En die vrede wat Christus gee moet in julle lewens die deurslag gee"* **(Kol.3:15).** Maar wees versigtig vir 'n vrede wat bloot die afwesigheid van spanning is nadat 'n besluit geneem is.

21. **Waak teen die vlees!** Waak teen beslissings wat strook met oorvloed, gemak en natuurlike begeertes. *"Die wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal"* **(Gal.5:24-25).**

22. **Moenie die kruis probeer vermy nie**. **(1 Pet.3:17).** Die moeiliker weg is meestal die regte weg. God se weë is nie ons weë nie. Moenie terugdeins vir

vernedering en lyding nie. Pasop vir onnodige selfkastyding of onthouding van dinge. Dit is nie 'n geestelike wet dat 'n Christen altyd moet swaarkry nie. *"As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg"* **(Matt.16:24).**

23. **Waak teen vervalsings.** Satan het misleidende geeste. Die goeie is dikwels die vyand van die beste. Waak teen defleksie na 'n minder belangrike doel.

"Die twaalf apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle: "Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie... " Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee" **(Hand.6:1-6).**

"Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van duiwels aanhang" **(1 Tim.4:1).**

24. **Die wêreld kan mislei!** Die wêreld is nie soseer 'n plek as wat dit ’n sisteem is nie. Maak seker dat jou besluit nie beïnvloed word deur 'n sug na posisie, sekuriteit, bevordering, 'n loopbaan of deur familiedruk nie.

"As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie, tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie" **(Luk.14:26-27).**

"Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge - alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit - kom nie van die Vader nie maar uit die wêreld. En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe" **(1 Joh.2:15-17).**

25. **Waak teen rasionele denke.** Dit is moontlik om natuurlike wysheid te gebruik om te rasionaliseer. **Spreuke 3:5** sê: *'Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie."* God het rede (denke) vir ons gegee om te gebruik, maar ons rede moet steeds aan die leiding van die Gees en die gesag en waarhede van die Woord onderwerp word.

26. **Weerstaan vrees.** *"Volmaakte liefde verdryf vrees"* **(1 Joh.4:18)**. Met God as 'n liefdevolle Hemelse Vader, is sy wil *"die beste ding wat met ons kan gebeur".* Ons moet eerder vrees om buite die sekuriteit van sy volmaakte wil te wees. Weerstaan **enige** vrees en ongeloof wat jou haastig en ongeduldig maak.

27. **Swakheid diskwalifiseer nie.** Christene verset hulle dikwels teen God se wil, omdat hulle nie bekwaam voel vir dit waarvoor God hulle roep nie. As God jou geroep het, sal Hy jou bekwaam maak vir dit waarvoor Hy jou geroep het. *"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee"* **(Fil.4:13).** Sy antwoord was: *"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is"* **(2 Kor.12:9).**

28. **Wandel in geloof.** Wees bereid om in die geloof te handel. As jy weet God het gepraat, is die enigste rigting vorentoe. *"Die regverdige sal uit die geloof lewe"* **(Hab.2:4, 0V).**

29. Bid en vra vir God wat sy wil is. Dikwels doen ons alles behalwe om tot die Here te bid en vir Hom te vra wat sy wil is.

    "Vra, en vir julle sal gegee word, soek, en julle sal kry: klop en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word" **(Matt.7:7).**

Wanneer ons wil weet wat die wil van die Here is, is dit belangrik dat ons in die regte verhouding met God sal wees en dat ons prinsipieel daarvolgens redeneer. Hier is 'n aantal Skrifbeginsels wat onveranderlik is en wat basiese riglyne vir byna alle situasies is:

1. Dit is God se wil dat mense gered word. Wanneer dit wat ons wil doen byvoorbeeld die redding van mense sal verhinder, moet ons weet ons beweeg buite die wil van die Here.
2. Dit is die wil van God dat ons ten volle oorgegee sal wees aan God. *"Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is"* **(Rom.12:1).**
3. Dit is die wil van God dat ons alle mense (ook ongereddes) sal liefhê. *"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"* **(Matt.22:39).**
4. Dit is die wil van God dat ons goeie werke sal doen. *"In Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het"* **(Ef.2:10).**
5. Dit is die wil van God dat ons geestelik sal groei. *"En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense"* **(2 Pet.1:5-7).**
6. Dit is die wil van God dat ons ons aan die owerheid sal onderwerp.

   "Elke mens moet hom onderwerp aan die owerheid wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God" **(Rom.13:1).**
7. Dit is die wil van God dat ons deur swaarkry en aanvegtinge geestelik sal groei.

"Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet, swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof en egtheid van geloof kweek hoop.." **(Rom.5:3-5).**

8. Dit is die wil van God dat ons vervul sal wees met die Heilige Gees en dat ons Hom sal volg en nie ons eie selfsugtige begeertes nie. *"Laat die Gees julle vervul"* **(Ef.5:18).**
9. Dit is die wil van God dat ons die regte van die armes sal beskerm en ons oor hulle sal ontferm.

   "Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red" **(Ps.82:3-4).**
10. Dit is die wil van God dat ons diegene wat ons te na kom, sal vergewe en positief sal liefhê.

    "Sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat hyself goed is vir die ondankbares en slegtes. Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is" **(Luk.6:32-36).**
11. Dit is die wil van God dat ons vergenoegd/tevrede sal wees met dit wat ons het en dat ons nie sal smag na aardse rykdom en besittings nie.

    "As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking" **(1 Tim.6:8-10).**
12. Voeg by bogenoemde die Tien Gebooie in Eksodus 20, en in baie situasies sal jy onmiddellik weet wat die Here se wil is.

Die volgende vrae, saam met bogenoemde riglyne, sal jou help om in verskillende situasies by 'n duideliker antwoord uit te kom. Beantwoord die vrae een vir een vir jouself en voer ook die opdragte uit. Nie al die vrae is noodwendig ter sake in elke situasie nie.

1. Stel 'n balansstaat op van die positiewe en negatiewe aspekte rakende die saak waaroor jy God se wil soek.
2. Is jy bewus van enige bewuste, onbelyde sonde in jou lewe? Indien wel, los eers al die ander dinge en vra die Here om vergifnis en reiniging en breek met daardie sonde(s).
3. Sê die Bybel enigiets oor hierdie spesifieke saak? Indien wel, skryf die beginsels wat die Skrif daaroor gee, vir jouself neer.
4. Gee jou omstandighede vir jou enige aanduiding in watter rigting jy moet beweeg?
5. Het jy reeds vir jouself uitgemaak dat, indien jy sou weet wat God se wil is, jy Hom onvoorwaardelik sal gehoorsaam?
6. Staan jy op neutrale grond wat jou eie gevoelens en wil betref?
7. Watter lig het jy tot op hierdie punt? Skryf dit neer en handel solank daarvolgens, totdat God sy wil verder openbaar.
8. Indien jy geen lig het nie en daar niks prakties is wat jy intussen kan doen nie, wag dan op die Here vir verdere leiding.
9. Is daar 'n betroubare medegelowige wat jy kan raadpleeg oor hierdie saak of miskien iemand met wie jy dit kan bespreek en wat saam met jou daaroor kan bid?
10. Dink aan die gawes en talente wat God jou gegee het - dit kan vir jou 'n aanduiding in hierdie saak wees t.o.v. wat die wil van die Here vir jou is.

11. Voordat jy tot 'n finale besluit kom, moet jy vasstel of jy positiewe vrede oor die saak het.
12. Solank as wat daar enige twyfel is, moet jy nie beweeg nie.
13. Hoe dink jy sou Jesus in hierdie situasie opgetree het? Wat sou Hy gedoen het?
14. Vra jouself af wat die gevolge van jou besluit gaan wees: sal dit ander geestelik bevoordeel of benadeel? Sal dit jouself geestelik bevoordeel of benadeel?
15. Indien jy hierdie saak in die lig van die ewigheid beoordeel, sou dit jou besluit beïnvloed? Sal jy oor vyftig jaar van nou af nog so voel en sal dit dan nog so belangrik wees soos wat jy nou daaroor voel?
16. Gaan dit hier om selfsugtige motiewe? Of gaan dit werklik om die eer van die Here?
17. Is daar by jou enige poging om God te manipuleer en/of om aan God voor te skryf jy wil hê?
18. Sal die Here vereer word deur die besluit wat jy gaan neem of gaan dit sy Naam skade berokken?
19. Sal jy kan sê: "*Ek doen dit in Jesus se Naam*"?
20. Sou dit jou besluit enigsins beïnvloed as jy in gedagte hou dat jy eendag aan God self rekenskap moet gee hieroor?